# Tema 5 - Studie 2

## Ouerskapwenk

Suid-Afrika se leuse is "Eenheid is ons krag", maar dit behoort die leuse van elke ouerpaar te wees - of hulle nou getroud is en saambly of nie. Wanneer dit by ons kinders kom, vorm eenheid in ons waardes, besluite, reëls, houdings en ander keuses 'n fondasie en verskaf dit groter sekuriteit aan ons kinders. Hulle leer baie vinnig hoe om ouers teen mekaar af te speel as hulle sien dit werk tot hulle voordeel.



Twee verskillende mense van verskillende huise en agtergronde wat saambly is een van die grootste uitdagings van 'n getroude lewe en ouerskap. Wanneer julle opbreek moet jy steeds die kwessie van mede-ouerskap hanteer. Die konflik wat onstaan wanneer 'n verhouding opbreek kan dit soms selfs meer uitdagend maak.

In hierdie eenheid, moedig ons jou aan om jou kinders se skermtyd te beperk sodat hulle verbeelding en konseptuele vermoëns kan groei. Twee ouers sal heel waarskynlik baie verskillende idees hê oor wat 'n aanvaarbare limiet is. Indien julle nie dadelik op 'n limiet ooreen kan kom nie, probeer 'n proeftydperk van 'n week met een ouer se beperking en dan die ander. Bespreek dan die voor- en nadele van elke opsie en die gevolge wanneer daar te veel toegegee word of te veel beheer is. Dit kan hopenlik help om 'n wedersydse ooreenkoms te bereik.

## Kontrolelys

- ☐ Bybellees - Eksodus 12-17
- ☐ Bybelgeheuevers - Kolossense 3:23
- ☐ Leeswerk & Terugvertel
- ☐ Poësiewaardering - Die Os deur Totius
- ☐ Kunswaardering - Die Bul deur Paulus Potter

- ☐ Musiekwaardering - Carnival of the Animals deur Camille Saint-Saëns en Light Cavalry Overture deur Franz von Suppés
- ☐ Natuurstudie - Seisoenkleure
- ☐ Goeie Gewoontes - Ywer
- ☐ Taalontwikkeling - Kinderrympies
- ☐ Praktiese Aktiwiteit - Waterverf
- ☐ Praktiese Aktiwiteit - Blaar Bewertjie
- ☐ Praktiese Aktiwiteit - Bok-Bok Staan Styf
- ☐ Praktiese Aktiwiteit - Troeteldier Kunswerke

## ☐ Bybellees

Lees hierdie teks dwarsdeur hierdie studie in jul Kinderbybel - Eksodus 12-17

## ☐ Bybelgeheuevers

Lees hierdie vers(e) daagliks hardop vir jou kind. Moedig hulle aan om dit te herhaal in kort frases. Kyk of hulle die hele gedeelte aan die einde van die week saam kan opsê. Sit die poskaart wat verskaf is êrens op waar jy en jou kind dit elke dag kan sien soos byvoorbeeld die badkamer spieël, yskas, agter die kar se sitplek of langs hul bed is goeie opsies.

***"Wat julle ook al doen, werk met geesdrif, soos vir die Here, en nie soos vir mense nie." - Kolossense 3:23***

## ☐ Leeswerk & Terugvertel

Kies twee van die boeke van die lysie vir hierdie week en lys die titels hier vir jou rekords:



Boek 1: ________________________________

Boek 2: ________________________________

Vra jou kind om elke storie vir jou terug te vertel wanneer jy dit klaar gelees het. Jou kind kan ook 'n prentjie teken van die storie wat jy kan bêre as deel van jou herinneringe.

As 'n alternatief kan jy 'n gunstelling prentjie in die boek afrol sodat jou kind dit kan inkleur of versier indien die prentjies in die boek geskik is daarvoor.

## Proseskuns vs Produk

Dit is belangrik om jou kinders toe te laat om op 'n kreatiewe wyse met 'n groot verskeidenheid kuns en kunsvlyt materiale te eksperimenteer. Alhoewel dit soms pret is om stap-vir-stap aanwysings te volg om 'n spesifieke projek te voltooi, bewys navorsing dat kinders die vryheid nodig het om kreatief te wees en die proses te verken deur verskillende kuns mediums te gebruik.

- Proseskuns fokus op die ervaring en verkenning van tegnieke, gereedskap en materiaal. Elke kind se kuns is dus uniek en oorspronklik.
- Die ervaring is die kind se keuse en moet ontspannend of kalmerend wees.
- Daar is geen voorbeeld om te volg nie.
- Daar is nie 'n regte of verkeerde manier om te verken of te skep nie en daar is geen stap-vir-stap instruksies nie.
- Die eindproduk kan 'n pragtige sukses wees of 'n storie van eksperimenteer vertel. Beide is aanvaarbaar!

Hierdie benadering is ook baie bevrydend vir ouers. Baie is teleurgesteld deur 'n produk benadering. Hul kinders se skeppings is dikwels nie so indrukwekkend soos die eindproduk voorbeelde wat gewys word nie. Hierdie voorbeelde is ongetwyfeld deur volwasse kenners gemaak.

Sylvie deel: *"Proseskuns kan baie stresvol wees vir 'n neurodivergente kind. (kinders wat byvoorbeeld sukkel met angs en perfeksionisme.) In hierdie geval doen ek saam met hulle kuns. My kinders is mal daaroor om te sien wat mamma besig is om te doen en alhoewel hulle my soms namaak, is die proses en resultaat baie lekker vir almal van ons."*

Bronwyn voeg by: *"Dit is so verfrissend dat enige van die twee benaderings aanvaarbaar is. Die ontspanne benadering help kinders wat sukkel met perfeksionisme. Ouers pluk die vrug van 'n meer ontspanne en kreatiewe kind wanneer daar geen druk aangaande die eindproduk is nie. Dit is ook 'n les oor geduld en om gemaklik te wees met die feit dat 'n kunsprojek soms 'n paar pogings verg voor die eindresultaat is soos wat jy voorgestel het dit sou wees."*

## ☐ Poësiewaardering

### Die Os

deur Totius

Hoe rustig stap hy aan
die edel jukgediert!
hoe waggel hy die kop
met horings swaar gesierd
en stewig ingestrop!

Hoe rustig stap hy aan
so sonder tuiggetooi,
met matte dowwe plof;
sy vel trek plooi op plooi
rondom die breë skof.

So stap hy rustig aan
vol kalme majesteit
en ongesmukte prag—
beeld van stilswyendheid
ên selfbewuste krag.

Steeds stap hy rustig aan
met rustelose drang,
by kou en sonnegloed;
maar snags versnel sy gang
om dagversuim te boet.

Nog stap hy rustig aan
as dae kommervol
laat bleek en krul sy gras;
hy skeer die hardste pol
en suip die modderplas.

Stap, stap dan rustig aan
en deel die trekkerslot;
die skaarste en owervloed,
daar in die land, waar God
ook is vir osse goed!

- Verduidelik aan jou kinders dat osse lank gelede gebruik is om waens te trek vir lang reise wat soms jare geneem het. Daarteenoor kan ons deesdae per motor, trein of vliegtuig reis.
- Voordat jy die gedig weer hardop lees, vra jou kinders om op die uitkyk te wees vir die woord wat gereeld herhaal word wat ons vertel van die aard of houding van die os.
- Verduidelik enige woorde wat nuut is vir jou kinders.
- Vra jou kinders om die prente in hul gedagtes, wat deur die woorde van hierdie gedig geskep word, te verduidelik.

## ☐ Kunswaardering - Die Bul deur Paulus Potter



Paulus Potter was 'n vooraanstaande dierekunstenaar van die Nederlandse Republiek. Sy skilderye en afdrukke van gemonumentaliseerde bulle vir gesofistikeerde howelinge versinnebeeld veral die diere van die Nederlandse landbougrond. Teen sy vroeë dood, op 29-jarige ouderdom, het hy sy eie marknis van diereportrette geskep, wat die weg gebaan het vir 18de-eeuse kunstenaars, wat letterlike portrette van gewaardeerde vee vir hul trotse eienaars sou skilder.

- Vra jou kinders hoekom hulle dink 'n kunstenaar 'n prent van 'n bul sou skep. Herinner hulle dat daar geen kameras was in die tydperk toe hierdie geskep is nie.
- Vergelyk die bul en die ander beeste in die prentjie. Wat sê die grootte vir jou?
- Vergelyk die bul met die koeie. Hoekom dink jy het die kunstenaar die koeie 'n ligter kleur gehou?
- Kyk na die rangskikking van die bul op die bladsy. Verbeel jou dat daar lyne is wat die bladsy in derdes verdeel, horisontaal en vertikaal. Let op dat dit op die grense van die derdes val. Die reël van derdes is 'n gids vir beide kunstenaars en fotograwe. Dit sê dat indien jy jou komposisie in derdes verdeel, hetsy vertikaal of horisontaal, en dan fokusareas van jou toneel by die ontmoetingspunte daarvan plaas, jy 'n meer aangename rangskikking en uitleg vir jou komposisies sal kry. Kyk na ander tekeninge van jou eie of foto's en skilderye en kyk of jy saamstem.

### Charlotte Mason

Ontwikkel jou kind se gewoonte om oplettend te wees. Charlotte Mason het 'n pragtige term gehad om kinders te leer om oplettend te wees - Sensoriese Gimnastiek!

Sy het 'n eenvoudige manier gehad om ouers en onderwysers te help om hierdie tot alledaagse lewens toe te pas.

Vir hierdie noodsaaklike lewenslange gewoonte moet ons teruggaan na een van haar fundamentele beginsels - tyd in die natuur word en die oorweging van natuurlik voorwerpe. Ons moet ook die belangrike lewensbesluit  neem om ons lewenspas

stadiger te maak en ons kinders die spasie te gee om dinge ten volle in te neem en ook alle besonderhede raak te sien.

Stel jou kinders aan die natuur bloot en, laat hulle toe om baie dinge te observeer: die verandering van herfsblare, wolke wat opbou in die lug, bye wat op 'n sekere plant voed, swamme wat in verskillende seisoene groei... In hierdie tye kan jy hulle dan vra om jou een ding te vertel wat hulle opgemerk het.

"Die skoenlapper het oranje en bruin vlerke."
"Die wolk is groot, wit en donsig."
"Die roos ruik so soet soos parfuum."
"Die hout is knopperig en grof."

Jy kan só op 'n natuurlike manier voorwerplesse tuis insluit:

- Hou 'n paar verskillende voorwerpe gestoor in 'n houer.



- Dit kan sade, steenkool, 'n horlosie, spons, stokkies of geperdse blomme wees wat jy kan gebruik vir 'n "breinbreuk" tussen twee ander moeiliker vakke tydens boekwerk of jul kan daaroor gesels tydens etes. Neem een voorwerp uit om te beskryf.

- Laat elkeen een ding noem wat vir hulle uitstaan.

## ☐ Musiekwaardering - Carnival of the Animals deur Camille Saint-Saëns



Luister na nog 'n paar bewegings van The Carnival of the Animals (Le Carnaval des Animaux)

3. Wild Asses (Swift Animals)
8. Characters with Long Ears